KWASIZABANTU PREDIKANTE-KONFERENSIE

Privaatsak 252 KwaSizabantu 3285 RSA Tel: 032 481 5500 Faks: 032 481 5510
www.kwasizabantu.com/Ministers_conference/conf.htm - ministersconference@kwasizabantu.com

Uitnodiging na Predikantekonferensie 7 – 9 Maart 2011, DV

Soos die Skrif sê

"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê:
strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."
(Johannes 7:38)

Liewe Vriende in die Here

Ons nooi u uit na ons volgende Predikantekonferensie in Suid-Afrika op **7–9 Maart 2011**, DV, vanaf Maandagaand tot Woensdagaand. Hierdie uitnodiging word aan u as dienskneg van die Here gerig, en sluit u gade en enige kollegas in die Here se diens in.

Die tema ***"Soos die Skrif sê"*** rig 'n uitdaging aan ons as die Kerk van die Here Jesus wêreldwyd om terug te keer na wat ons Heer in Sy Woord sê – sodat die uitspraak van Jesus oor party van die predikante van Sy tyd nie dalk waar word van ons nie: *"Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie"* (Matteus 22:29).

SPREKERS:

Hier is sommige van die sprekers wat die uitnodiging aanvaar het om die konferensie toe te spreek:

Dr Michael **AVERY**	*President, 'God se Bybelskool & Kollege', VSA*
Brig.Gen. Charlie **DUKE**	*NASA ruimtevaarder, 10de man om op die maan te loop*
Rev Ernest **MCAMBI**	*Direkteur van Trans-Wêreld Radio Zoeloe-bediening;*
	Predikant van Durban Sentraal Baptiste Kerk;
	President van die Baptiste Unie in KwaZulu-Natal
Rev Errol **NAIDOO**	*Stigter & President, 'Family Policy Institute'*

Biskop Frank **RETIEF**	*Biskop, Kerk van Engeland in Suid-Afrika; outeur; Skrifverklaarder en internasionale konferensie-spreker*
Prof Koos **VAN ROOY**	*Afgetrede Professor, Gereformeerde Kerke; sendeling; Bybelvertaler*
Dr A.D. **VILAKAZI**	*'International Ministry for Christ'*

Meer besonderhede en bevestiging van ander sprekers sal mettertyd beskikbaar word en sal op ons webblad bekombaar wees.

Laat asseblief so gou moontlik weet of u kan kom – per brief, telefoon, faks of e-pos (sien kontakbesonderhede op die briefhoof). Meld die name van almal wat wil kom, en spesifiseer mans, dames en egpare. 'n Aanlynregistrasie-opsie is ook op ons webblad geskep by www.kwasizabantu.com.
Gebruik gerus ons e-posadres vir navrae: ministersconference@kwasizabantu.com.

Hoewel verblyf en voedsel gratis verskaf word, wil ons vra dat u u eie beddegoed saambring, indien moontlik. Ons help graag met vervoer vanaf die Durban Internasionale Lughawe en die Durban stasie / bushalte vir diegene wat van ver af per vliegtuig of bus aankom. Laat gerus weet wanneer en waar ons u kan afhaal.

Mag die Here skenk dat hierdie konferensie daartoe sal bydra dat elkeen van Sy diensknegte sal weet wat Hy van ons verwag en watter soort lewe ons moet lei om effektiewe instrumente in Sy Hand te wees in die tyd waarin ons leef.

Ons sien daarna uit om van u te hoor.

In Sy liefde

Erlo Stegen
Direkteur: KwaSizabantu Sending



NS. Indien u sou verkies om hierdie uitnodigings en ander inligting in die toekoms per e-pos te ontvang, stuur 'n e-pos aan ons e-posadres waarin u aandui watter posadres vervang moet word met uitnodigings per e-pos, sodat die korrekte inskrywing uit ons adreslys verwyder kan word. Ons e-posadres: ministersconference@kwasizabantu.com.